

# Desimale breuke

## Orden en vergelyk

1. Vergelyk die volgende desimale breuke deur  $<$ ,  $>$  of  $=$  in die ruimtes wat verskaf is in te vul.

- a) 5,45  5,54      b) 505,05  505,50  
 c) 17,76  17,176      d) 17,76  17,7600  
 e) 450,00  45,000      f) 3,101  0,3101



### Wenk

Om desimale getalle te vergelyk, moet jy dieselfde getal syfers na die desimale komma hê. Jy kan dit doen deur nulle na die laaste syfer in te voeg. Die nulle aan die einde verander nie die waarde van die desimale breuk nie.

2. Rangskik die volgende desimale breuke in stygende volgorde.

- a) 8,01; 0,81; 0,801; 8,43; 8,34; 8,043   
 b) 20,65; 206,5; 2,065; 2,0; 2,06; 2,0651; 206,51   
 c) 1 000,25; 100,250; 10,205; 102,02

3. Voltooi die volgende patrone.

- a) 45,101; 45,071; 45,041; ; ; 44,951  
 b) 37,37; 37,47; 37,57; ; ; 37,87

4. Skryf die desimale breuk neer wat halfpad tussen die volgende desimale breuke lê.

- a) 0,341 en 0,381       b) 373,3 en 373,5       c) 1,0 en 1,1

5. Skryf die desimale breuke neer wat driekwart van die afstand na die volgende lê:

- a) 0,341 en 0,381       b) 373,3 en 373,5       c) 1,0 en 1,1

6. Skryf die desimale breuke neer wat 'n kwart van die afstand na die volgende lê:

- a) 0,341 en 0,381       b) 373,3 en 373,5       c) 1,0 en 1,1



### Onthou

Desimale breuke kan in uitgebreide notasie geskryf word, soos ons met telgetalle doen.

Byvoorbeeld:  $345,876 = 300 + 40 + 5 + \frac{8}{10} + \frac{7}{100} + \frac{6}{1000}$ . Ons kan die plekwaarde en die waarde van elke syfer identifiseer.

| 100 000 | 10 000 | 1 000 | 100 | 10 | 1 | $\frac{1}{10}$ | $\frac{1}{100}$ | $\frac{1}{1000}$ | $\frac{1}{10000}$ |
|---------|--------|-------|-----|----|---|----------------|-----------------|------------------|-------------------|
| 0       | 0      | 0     | 3   | 4  | 5 | 8              | 7               | 6                | 0                 |

Die plekwaarde van 8 is die tiende-kolom ( $\frac{1}{10}$ ). Die waarde van 8 is dus  $\frac{8}{10}$ .

7. Gebruik die getal 9 078,405 in uitgebreide notasie om die vrae wat volg, te beantwoord.

- a) Wat is die waarde van die 5?   
 b) Wat is die plekwaarde van die 4?   
 c) Skryf 9 078,405 in uitgebreide notasie.   
 d) Watter syfer is in die duisendstes plekwaarde?

# Desimale breuke

## Optel en aftrek



### Onthou

Wanneer jy 45,63 en 15,27 bymekaartel, sal sy sien dat die syfers, 4 en 1, dieselfde plekwaarde het.

Die twee 5's het ook dieselfde plekwaarde, en so aan.

Die skatting van  $45,63 + 15,27$  is  $46 + 15 = 61$  as ons tot 'n telgetal afrond.

Nou,  $45,63 + 15,27$  kan geskryf word as  $(40 + 10) + (5 + 5) + (0,6 + 0,2) + (0,03 + 0,07)$

$$= 50 + 10 + 0,8 + 0,10$$

$$= 60 + 0,8 + 0,01$$

$$= 60,81$$

Let daarop dat die antwoord naby ons geskatte antwoord van 61 is.

1. Gebruik uitgebreide notasie om die volgende somme uit te werk. Begin deur eers die antwoord te skat.

a)  $4,6 + 5,4$

b)  $5\,056,98 + 43,98$

2. Gebruik die vertikale optelmetode om die volgende somme uit te werk.

a)  $45,6 + 53,7$

b)  $5\,056,98 + 43,98$

3. Gebruik uitgebreide notasie om die volgende uit te werk. Skat eers die antwoord.

a)  $56,6 - 53,2$

b)  $432,7 - 429,88$

4. Bereken die volgende deur die vertikale aftrekmetode te gebruik.

a)  $56,6 - 53,2$

b)  $432,7 - 429,88$